

NUUSVERKLARING

VIR ONMIDDELLIKE PUBLIKASIE

24 Mei 2006

CAPITEC BANK GAAN VOORT OM BANKWESE MEER TOEGANKLIK TE MAAK

STELLENBOSCH – Capitec Bank, die bank wat bekostigbare, toeganklike en maklik verstaanbare bankdienste aan individue verskaf, het die afgelope jaar sy unieke, lae-koste bankaanbod aan die mark uitgebrei deur meer takke oop te maak, sy produkreeks uit te brei en dienste deur kleinhandelaars te lewer.

Die bank het beperkte toegang, die kontantafhanklikheid van kliënte, die gebrek aan opbrengste op spaar, hoë transaksiekoste, die kompleksiteit van die bankprodukeraanbod en beperkte toegang tot finansiering as die vernaamste struikelblokke in die verskaffing van bankdienste aan kliënte geïdentifiseer, het Riaan Stassen, Capitec Bank se uitvoerende hoof, by hul algemene jaarvergadering by die Spier-wynlandgoed buite Stellenbosch verduidelik. Volgens Stassen het Capitec Bank 'n innoverende bankplatform ontwerp wat deur 'n oop en toeganklike takomgewing ondersteun word om aandag aan hierdie aangeleenthede te skenk.

Stassen het verduidelik dat die bank aan kliënte 'n enkele produk – die *Global One Banking Facility* – bied. Die kliënt kan deur hierdie fasiliteit toegang kry tot spaarrekeninge, persoonlike lenings, kontantonttrekkings, debietorders, oordragte, debietkaarttransaksies en 'n begrafnisplan sonder om nóg 'n rekening oop te maak. Hierdie omvattende fasiliteit word teen dieselfde prys aan alle kliënte gebied ongeag hul inkomstevlak. Werkgewers kan Capitec Bank se internetbankplatform gebruik om salarisse en lone na hierdie fasiliteite oor te plaas. Dit lei tot laer koste en minder administrasie terwyl dit prosedures vir die kliënt vereenvoudig.

Capitec Bank het 253 takke landwyd en beplan om nóg 50 takke gedurende die jaar by te voeg. Om bankdienste so na as moontlik aan sy kliënte te bring, is hierdie takke naby die vernaamste pendelaarroetes, winkelsentrums en in die meeste landelike dorpe geleë. Capitec Bank het ook ooreenkomste met Checkers, Shoprite en Pick 'n Pay aangegaan sodat kliënte kontant met hul debietkaarte by kassierspunte kan onttrek. Hierdie kontantonttrekkings kos 75 sent per transaksie. Capitec

Bank moedig ook kliënte aan om vir hul eie veiligheid kontantlose transaksies uit te voer, en hef geen diens- of transaksiegelde op debietkaartaankope nie.

Stassen het die bank se jaarlikse resultate toegelig en gesê hy is weer eens tevrede met die bank se prestasies, gegewe dat die bank steeds in 'n ontwikkelings- en beleggingsfase is. Die toename in wesensverdienste tot R116 miljoen kan hoofsaaklik aan die groter kliëntebasis en die bekendstelling van langer-termynlenings toegeskryf word. 'n Dividend van 45 sent per aandeel word op 12 Junie 2006 aan aandeelhouders betaal.

Die waarde van lenings toegestaan het in 2006 van R2,3 miljard tot R2,9 miljard toegeneem. Die aantal spaarkliënte is aansienlik meer en het van 143 000 tot 375 000 gegroei as gevolg van die aanloklike aanbod van 10% rente op daaglikse saldo's tot R10 000.

"Totale uitgawes het met 29% in 2006 toegeneem teenoor 2005 omdat ons steeds besig is om die organisasie te bou. Ons gevorderde tegnologieplatform stel ons in staat om bankdienste teen 'n fraksie van die koste van tradisionele banke te bied. Dit is wat ons in werklikheid in staat stel om laekoste-bankdienste aan ons kliënte te verskaf. Totale koste as 'n persentasie van inkomste het van 73% tot 66% in 2006 gedaal," sê Stassen.

Stassen het ook kommentaar gelewer op die uitdagings wat in die volgende jaar op die banksektor wag. Hoewel bedrog en misdaad steeds kommer wek, het Stassen ook die uitwerking van die nuut voorgestelde Wet op Nasionale Krediet uitgesonder. "Ons verwag nie dat die nuwe Wet en regulasies onmiddellik in werking gestel sal word nie. Dit sal dus 'n beskeie uitwerking op die nuwe finansiële jaar hê. Dit is egter van deurslaggewende belang vir die toekoms van die bank. Ons gaan voort om die doel van die Wet – naamlik om aandag aan deursigtigheid, wanvoorstelling en oormatige skuldlas te skenk – te ondersteun. Ons is egter gekant teen die konsep van prysregulasie."

Die kontantafhanklikheid van kliënte, veral aan die einde van die maand, bly 'n uitdaging en Capitec Bank is voortdurend op soek na nuwe maniere om elektroniese bankdienste deur nuwe en innoverende kanale te lewer om gerief en sekuriteit aan kliënte te bied wanneer hulle van bankdienste gebruik maak.

"Capitec Bank sal hom nou op die uitbou van sy huidige kliëntebasis toespits. 'n Werkgewer-verkoopspan is aangestel om nuwe kliënte deur werkgewers te werf. Dit vorm deel van ons veldtog om die bank na ons kliënte te neem," sê Stassen.

Stassen is optimisties oor die bank se vooruitsigte. "Ons belegging in verkope en reklame sal in die nuwe finansiële jaar aansienlik uitbrei om die aantal kliënte te verdubbel wat hul salarisse by Capitec Bank deponeer. Ons sal voortgaan met ons veldtog om bankwese meer toeganklik te maak deur ons tak- en distribusieplatforms uit te bou en innoverende oplossings te implementeer. Ons glo ons skep 'n sakemodel met internasionale potensiaal."

Uitgereik deur die Afdeling Bemarking en Korporatiewe Aangeleenthede, Capitec Bank Beperk

Navrae

Riaan Stassen

Uitvoerende Hoof: Capitec Bank

Telefoon: (021) 809 5921

Faks: (021) 880 1794

Sel: 082 800 9398

E-pos: riaanstassen@capitecbank.co.za

Yolandé van Rensburg

Hoof: Kommunikasie en Openbare Betrekkinge, Capitec Bank

Tel: 021 809 5998

Sel: 072 480 3617

E-pos: yolandevanrensburg@capitecbank.co.za